

12 Februarie

**Skrifgedeelte: Genesis 25:1-34 (OAV)
Fokusgedeelte: Genesis 25:19-34**

Hulle het hom Jakob genoem

Watter naam sou jy vir jouself kies? Esau, die een met baie hare, die man van die veld, die jagter? Of Jakob, hakskeengryper, bedrieër, huishen? God het Jakob gekies om die belofte van die verbond voort te sit. Jakob het reeds voor sy geboorte na die seën van die verbond gegryp. Hy wou seker maak dat hy die kind van die belofte is. Hy het waarskynlik later van die profesie oor sy en Esau se toekoms gehoor (vers 23 OAV). Jakob het die belofte gelowig aanvaar, maar hy was bang dat die belofte nie nagekom sou word nie, omdat hy nie die oudste was nie. Die seën het die oudste, Esau, toegekom. Jakob wou self verseker dat die belofte aan hom vervul word.

Toe die geleentheid hom voordoen, koop hy die eersgeboortereg en daarmee ook die seën op 'n bedrieglike manier by Esau. Jakob is waarlik die bedrieër. Hy het nie gelowig op die leiding van die Here gewag nie. Hy wou die genade van die Here koop - asof die genade ooit te koop is. In Jakob word dit duidelik dat God sy genade gee aan wie Hy wil. Geen mens kan dit koop nie. Christus het die volle prys betaal sodat elkeen wat in Hom glo, 'n oorfloed van genade ontvang. Ter wille van Hom neem God 'n Jakob, 'n bedrieër, 'n hakskeengryper in genade aan. Wat is jou naam? Jakob? Ja ... en ter wille van Christus, ook kind van God!

Sing: Psalm 31:5,15

Ds AP Krüger (Postmasburg)